9 Julie 2023
Aanlyn Erediens

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Matteus 11:16-19 en 25-30
**Tema :** Vraat, wynsuiper, vriend van skollies? Jou Jesus? Ons gesels oor ketters en dwaalleraars. Het jy al van Pienk Piet gehoor?

## BROODJIES VIR DIE PAD

"The bourgeois today burns as heretics and hangs as criminals those to whom he erects monuments tomorrow."
— Hermann Hesse, Steppenwolf

"What happens when one has striven long and hard to develop a working view of the world, a seemingly useful, workable map, and then is confronted with new information suggesting that the view is wrong and the map needs to be largely redrawn? The painful effort required seems frightening, almost overwhelming. What we do more often than not, and usually unconsciously, is to ignore the new information. Often this act of ignoring is much more than passive. We may denounce the new information as false, dangerous, heretical, the work of the devil. We may actually crusade against it, and even attempt to manipulate the world so as to make it conform to our view of reality. Rather than try to change the map, an individual may try to destroy the new reality."
— M. Scott Peck, The Road Less Traveled: A New Psychology of Love, Traditional Values and Spiritual Growth

"The incoming of God as expressed in the incarnation represents a beautiful expression of this simultaneous revealing and withdrawal, for in the Incarnation the mystery of God is not dissipated but rather deepened. The mystery is not unmasked, but rather dwells with us, in our midst. The mystery is thus not overcome in the Incarnation but rather encountered there."
— Peter Rollins, The Orthodox Heretic And Other Impossible Tales

"Progress isn't achieved by preachers or guardians of morality, but by madmen, hermits, heretics, dreamers, rebels and sceptics"
— Stephen Fry

"What if Jesus was not offering his followers an ethical system to follow, but rather was inviting them to enter into a life of love that transcends ethics, a life of liberty that dwells beyond religious laws? The difference between following an ethical system and being consumed by love can be seen in the way that ethical systems seek to provide a way to work out what needs to be done so that it can be carried out. In contrast, love is never constrained, it never sits back, it always seeks to do more than what is demanded of it."
— Peter Rollins, The Orthodox Heretic And Other Impossible Tales

"In Russian folklore there is an archetype called yurodivy, or the "Holy Fool." The Holy Fool is a social misfit—eccentric, off-putting, sometimes even crazy—who nonetheless has access to the truth. Nonetheless is actually the wrong word. The Holy Fool is a truth-teller because he is an outcast. Those who are not part of existing social hierarchies are free to blurt out inconvenient truths or question things the rest of us take for granted.
- Malcolm Gladwell, Talking to Strangers: What We Should Know About the People We Don't Know

"No one can serve two masters," declared Jesus to his disciples (Matt. 6:24). However, Christians have spent the greater portion of the past two millenniums apparently trying to prove Jesus wrong. We have told ourselves that we can indeed have both—the things of God and the things of this world. Many of us live our lives no differently than do conservative non-Christians, except for the fact that we attend church regularly each week. We watch the same entertainment. We share the same concerns about the problems of this world. And we are frequently just as involved in the world's commercial and materialistic pursuits. Often, our being "not of this world" exists in theory more than in practice."— David Bercot, Will the Real Heretics Please Stand Up

"The fifteenth century of Leonardo and Columbus and Gutenberg was a time of invention, exploration, and the spread of knowledge by new technologies. In short, it was a time like our own. That is why we have much to learn from Leonardo. His ability to combine art, science, technology, the humanities, and imagination remains an enduring recipe for creativity. So, too, was his ease at being a bit of a misfit:

illegitimate, gay, vegetarian, left-handed, easily distracted, and at times heretical."
— Walter Isaacson, Leonardo da Vinci

**Christina Landman: Sassa-geld help, maar kerke kan ook iets doen Netwerk24**

Die kerk moet mense wat arm is, help. Maar meestal is die kerk self te arm om te help.

Daar is hele gemeenskappe wat afhanklik is van toelaes van die Suid-Afrikaanse agentskap vir maatskaplike sekerheid (Sassa). In 2016 het Sassa maandeliks so 17 miljoen toelaes uitbetaal, waarvan 3,5 miljoen vir mense bo 60 was, 1,5 miljoen vir ongeskiktheid, en so 12 miljoen kindertoelaes. Sowat 30% van die hele samelewing het by Sassa-toelaes baat gevind.

Toe kom Covid-19 en die R350-uitbetaling. Nou word ongeveer 30 miljoen Sassa-toelaes maandeliks uitbetaal. Bronne sê 47% van ons samelewing leef van hierdie toelaes.

Ek voer anderdag onderhoude met ’n paar bruin en swart persone wat sulke toelaes kry.
Wat doen hulle daarmee, wil ek by die vroue weet wat kindertoelaes kry. Hulle koop kos vir die kinders, of betaal die waterrekening. Ook vir hulle en die kinders se vervoer. Treine loop al vier jaar nie meer nie. Busse al hoe minder. Taxi's en tsotsi's heers, veral op Sassa-dag.

Een meisie vertel sy was nog op skool toe sy swanger geword het by ’n skoolmaat. Hy en sy ouers weier om vir die kind te betaal. Sy het baie gesukkel om die kindertoelae te kry. Nou wil hy die helfte hê. Hy dreig en vloek haar. Hy lê haar voor by die kitsbank.
Party mense leen teen hul Sassa-kaart. Hulle moet dan hul ID's by die geldleners los. Elke maand as die geld inkom, vat die geldlener dit. Die skuld groei teen ’n geweldige rentekoers.

Daar is ook kommer oor meisies wat op skool swanger raak en nie ná die baba se geboorte wil teruggaan nie, want hulle kry ’n toelae en is versorg. Ander meisies kry verskeie babas en kom gooi hulle dan by die oumas weg. Dan eet hulle die toelaes saam met ’n nuwe kêrel.

Dominees wat in gemeenskappe werk waar die meeste mense van Sassa afhanklik is, vertel van al die swaar. Wanneer ’n ouma sterf en haar pensioentoelae verval, is daar kinders en kleinkinders wat niks het om van te leef nie. Daar is ook kinders wat hul halfblinde oupa se Sassa-geld gaan trek en vat. Hy weet in elk geval nie hoe werk ’n kitsbank nie, dink hulle. Vroue word verkul deur mans uit Afrika en Europa wat romantiese beloftes aan hulle maak. ’n Eensame vrou stuur maklik haar Sassa-geld vir so ’n man terwyl haar kinders elders moet kos kry.
Daar is goeie nuus ook. ’n Vrou sê haar ouderdomspensioen het haar gehelp om uit ’n verhouding te kom waar sy geslaan is. ’n Man vertel met sy geld het hy ’n onderneming begin.
Wat die kerk nog kan doen, is om menswaardigheid te verkondig.

Sassa-toelaes help teen die verskriklike armoede en poog om die groot ongelykheid tussen arm en middelklas te verklein, al is dit net ’n ietsie.
Maar Sassa kan nie alles doen nie. Dis die burgerlike samelewing wat moet help. Die kerke is deel hiervan. Die kerke wat wel nog ’n bietjie geld het, help beslis. ’n Gemeente hier naby deel op Vrydae sop en vetkoek uit – vir die hele gemeenskap. Ander help mense om groentetuine aan te lê. En nog baie meer.

Wat die kerk nog kan doen, is om menswaardigheid te verkondig. Dat alle mense waarde het. Dat mense nie onnodig in lang toue moet staan, of skielik moet uitvind hul Sassa is per ongeluk gekanselleer nie. Dat Sassa ’n waardige manier sal wees om ons pynlike armoede – wit, swart, bruin – te verlig.

- *Landman is ’n professor in teologie verbonde aan Unisa.*

---

**BROOD VIR DIE PAD**

**Geestelike waardes: Donker emosies help jou om ook beter te kan sien Netwerk24**

In haar boek Night Vision: Seeing Ourselves Through Dark Moods vra die Amerikaanse filosoof Mariana Alessandri dat ons meer doelbewus omgaan met emosies wat dikwels as donker gevoelens beskou word. Sulke gemoedstemmings – soos woede, hartseer, rou, neerslagtigheid en angs – kan maklik ’n negatiewe rol in ons lewe speel.

Daarom verlang ons midde-in die belewenis daarvan na ’n bietjie lig, helderheid en sonskyn. Wat Alessandri wil uitdaag, is wat sy "die lig-metafoor" noem – die siening dat helderheid altyd en noodwendig beter is as troebelheid; sonskyn beter as wolke; ’n vrolike gemoed beter as ’n donker uitkyk. Sy het dit dan ook teen die mantras wat onkrities verklaar: "Light is smarter than dark, happiness hipper than sadness,

tranquility trendier than anger, and optimism holier than pessimism."

Alessandri vra daarom dat ons nie ons meer donker gemoedstemmings bloot as negatief of lelik moet verstaan nie. En nie altyd dadelik probeer lig werp op dit wat as donker beskou word nie. Nee, ons moet eerder leer om ín die donker te sien.

Die rede waarom Alessandri se boek by baie mense mag resoneer, hang waarskynlik met ons aanvoeling saam dat daar 'n tipe "toksiese positiwiteit" is wat nie behulpsaam en werklikheidsgetrou is nie. Die son van positiwiteit kan soms te sterk brand.

Daarom sluit Alessandri aan by figure wat vir ons bietjie skadu kan bied deur hul skrywes oor "donker emosies" – soos Audre Lorde en Maria Lugones (woede), Miguel de Unamuno (hartseer en tragedie), C.S. Lewis (rou), Gloria Anzaldúa (neerslagtigheid) en Søren Kierkegaard (angs). Wat dié denkers op hul verskillende manier aandag voor vra, is dat ons nie hierdie emosies te gou onderdruk of van probeer ontsnap nie. Ons moet, byvoorbeeld, luister na ons woede of angs. Ons moet dit benoem op 'n wyse wat aan die kompleksiteit daarvan reg laat geskied. En oefen om dit reg te gebruik.

Night Vision se subtitel is daarom betekenisvol. Die kultivering van wat Alessandri "nagvisie" noem, kan ons, aan die een kant, help met 'n ander uitkyk wat ons deur tye kan dra wanneer ons gemoed donker is. Aan die ander kant is dit juis hierdie donker gemoedstemmings wat ons kan help om onsself en ander se waardigheid, mooiheid en menslikheid opnuut raak te sien. Teen dié agtergrond haal Alessandri die digter Wendell Berry aan: "To know the dark, go dark. Go, without sight, / and find that the dark, too, blooms and sings." – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*